

30 Maart

Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:13
Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:7, 13

Die Here kyk anders

Samuel moes die nederige Dawid, die jongste in die gesin, as koning salf. In die dae van Samuel het die eersgebore seun 'n besondere posisie ingeneem (Eks 13:2). Eliab het 'n mooi naam gehad ("God is Vader") en was pragtig fors gebou, maar God se keuse val op Dawid. Hy is nie eers na die offermaaltyd genooi nie. Hy, die geringste in die gesin, pas die skape op.

Dit is opmerklik watter rol nederigheid in die raadsplan van God speel. Nie die roemryke keiser Augustus of koning Herodus word as Verlosser gebruik nie, maar dié Nederige (Matt 11:29), wat in eenvoudige omstandighede gebore word. Dit is die nederige Seun van die mens, toegerus met die Gees, wat die grootse verlossingsplan van God vervul. Nederigheid bly in navolging van Jesus ook vir jou 'n voorwaarde vir toerusting deur die Gees vir jou taak waartoe die Here jou geroep het.

Sing: Psalm 147:4

Ds. APC Duvenage (Emeritus)